

Skaap en Wolman 2006

Piet Venter, Voorsitter, S&W Deskundiges vereniging van Suid-Afrika

Ek stel aan u voor die Skaap- en Wolman 2006 - Gideon Jacobus (Giepie) Calldo

Hy is op 24 Desember 1954 in die Laingsburg-distrik gebore. In 1972 matriculeer hy aan die Laingsburg Hoërskool en doen hy sy diensplig by die Departement van Gevangenis 1973/74. Sy Landbou Diploma verwerf hy te Grootfontein Landboukollege in 1975/76. Sy loopbaan as Skaap- en Woldeskundige begin in 1977 waar hy by BKB diens aanvaar en in Heidelberg en Caledon werksaam was.


Op 7 Julie 1979 tree hy in die huwelik en word later 'n seun en dogter ryker. In 1985 aanvaar hy diens van die NWKV / Wolraad as voorligter by die Caledon kantoor. Vanaf 1987 is hy algemene bestuurder vir 'n groot gemengde boerdery onderneming in die Heidelberg-distrik. In 1999 verhuis hy na Trompsburg waar hy by CMW diens aanvaar en die Suid-Vrystaat met skaap en wol werk bedien. Hy het vir hom 'n stukkie grond

gekoop waarop hy suksesvol boer met 'n fynwolstoet.

Giepie tree vyf keer op as beoordelaar by Merino S.A.[®] Nasionale skoue se fynwol afdeling. Hy was behulpsaam met die opstel van 'n bestuursbundel vir ekonomiese kleinveeproduksie. Hy gebruik en bemark die Merino-Jas met sukses.

Hy is nie net in die Skaap- en Wolbedryf 'n voorslag nie, maar het ook sy merk in die sport en gemeenskapswêreld gemaak. Hy verteenwoordig provinsiale spanne in rugby en atletiek. Om aan die Comrades maraton deel te neem, was 'n hoogtepunt. Hy spreek graag sy dank uit teenoor die Skaap- en Woldeskundiges, sy ouers, vrou en kinders, die wolboere en vriende en sy Hemelse Vader vir die toekenning aan hom gemaak.

Namens Merino SA[®], hartlik geluk aan 'n waardige winner!



Giepie Calldo demonstreer die 'moderne' Merino se voortreflike eienskappe aan omstanders tydens Nampo 2006



Mnr Giepie Calldo (regs) ontvang die skild as die Skaap en Wolman van die jaar van Mnr Piet Venter (president – SWDVSA)